

**Sing vooraf staande: Psalm 65:2, 3 (p.314)**

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;  
maar al ons ongeregthede / word deur U uitgewis.  
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;  
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.
- 3 Ons al ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:  
met heil'ge goed wat U milddadig / laat stroom uit u paleis.  
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag  
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Lofpsalm 66:1, 6 (p. 320)**

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!  
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.  
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;  
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 6 Ek sal, verlos uit doodsgevaar, / nou dat ek weer kan asemhaal,  
my offers bring op u altare / en my geloftes U betaal.  
Ek sal laat opgaan in die vlamme / die vetste vee uit veld en wei;  
ek sal by rookwerk van die ramme / ook beeste en bokke toeberei.

**Gebed**

**Psalm 32:5, 6 (p. 153)**

- 5 Wil soos 'n perd nie wees wat opwaarts steier; / Of soos 'n muil wat ons sy dienswerk weier,  
wat mensehand moet dwing met toom en tuig / tot hy sy krag in diensbetoon moet buig.  
Die goddelose man het baie smarte; maar wie op God vertrou van ganser harte,  
hom sal gewis, ook onder kruis en druk, / die guns van God 'n krans vleg van geluk.
- 6 Regverdiges, laat hoor die blye tyding! / Sing voor die HEER 'n lofsang van bevryding,  
'n sang wat juig oor skuldvergiffenis. / Sing, wie opreg van hart en wandel is!

**Skriflesing: Psalm 32:1-11**

**Kernverse: Psalm 32:8**

**Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.**  
(Psalm 32:8 AFR53)

**Tema:** Jy ken nou die guns en genade van die Here. Moenie nou stilbly daarvoor nie!

Geliefde gemeente van Jesus Christus, deur die genadige werk van die Gees van Christus het ons met die pad van bely, berou en bekeer terug na God toe gekom. Ja, ons het gewonder of ons met 'n verlede so vol van gruwelike sondes tog in die teenwoordigheid van God kan kom nadat Hy ons vergewe het. En vanoggend het die Heilige Gees ons verseker dat ons in die teenwoordigheid van God mag kom omdat Hy ons met die volmaakte lewe en werk van Christus bedek het.

Kan ons nou stilbly oor hierdie genade? Kan enigeen van ons wat vanoggend nie net gehoor het nie, maar ook gesien en beleef het dat die Heilige Gees jou en my met

Christus beklee om voor God te kan verskyn, ooit weer stilbly oor hierdie groot genade? Ons kan nie en ons mag ook nie stilbly nie. Ons het juis nagmaal gevier met die voorneme om dank aan God te bewys deur ons liefde met woord en daad aan ons naaste te bewys. Ons bewys ons liefde aan ons naaste met woord en daad wanneer ons hulle ook vertel en leer van die vreugde en blydschap om in 'n herstelde verhouding met God te lewe.

Juis om hierdie rede het die Heilige Gees vir Dawid gelei om Psalm 32 te skryf. Omdat Dawid self die pad geloop het om ontslae te raak van sy bedrog deur sy sonde te bely, berou daaroor te hê en homself daarvan te bekeer, juig en jubel hy in die Here. Omdat hy die vreugde en blydschap van vergifnis ken, wil hy almal wat ook met pyn en smart geteister word oor sondes wat nog nie bely is nie en waarvan daar nog nie bekeer is nie, onderrig en leer. Die Heilige Gees gebruik vanaand hierdie selfde psalm om ons te leer hoe ons liefde aan ons naaste met woord en daad gaan bewys.

Aan wie moet ons liefde met woord en daad bewys? Broers, susters en kinders, ons gaan liefde in woord en daad aan hulle bewys wat saam met ons nagmaal gevier het. Ons gaan na mekaar omsien omdat ons almal saam die een liggaam van Christus is. Omdat ons hemelse Vader oor ons besorg is en sy liefde aan ons bewys, wil ons nie hê dat een van ons broers of susters weer afdwaal en oor hom en haar ongelooflike hartseer bring oor sondes waarvoor hulle nie vergifnis wil vra nie. Ons wil ook nie hê dat een van ons onself daaraan skuldig maak dat ons skande en skade oor die Here se Naam bring nie.

Maar ons bewys nie net liefde in woord en daad aan hulle wat saam met ons nagmaal gevier het nie. Daar is ander kinders van God wat ook deel is van hierdie liggaam van Christus wat uit swakheid of moedswilligheid weggebly het van hierdie nagmaal. Ons moet hulle gaan opsoek, want die Here is ook besorg oor hulle verhouding met Hom. Broers ouderlinge, die Here stuur vir julle in besonder na daardie lidmate toe, want julle is deur die Here as opsigters oor daardie lidmate se leer en lewe aangestel. Julle moet hulle in liefde gaan terugroep, want die Here gaan rekenskap oor hulle lewe van julle eis.

Die oproep om ander mense te gaan vertel mag ook nie net tot hierdie geloofsgemeenskap beperk word nie. Aan almal wat ons sien en van wie weet wat nog met 'n las van sondes lewe en dit met bedrog probeer wegsteek en aan almal wat uit swakheid en moedswilligheid weer terugval in die ou sondes, moet ons hierdie kosbare nuus gaan vertel. Hulle moet hoor en weer hoor: By die Here alleen is die ware lewe en Hy wil ook hulle sondes vergewe. Daarom moet hulle hoor hoe loop die pad tot by daardie blye boodskap: Jou sondes is vergewe.

Nou hoe moet ons na mekaar omsien, geliefdes? Ons dink so baie maal dat ons mekaar nie oor 'n sonde kan aanspreek nie, want wie is ons tog? Ons is dan ook sondaars. Dit is waar, ons is ook sondaars. Daarom kan ons nie vingerwysend iemand aanspreek en onderrig nie, so asof ons beter sou wees as die ander mens nie. Inteendeel, ek en jy was vroeër net so dwaas soos hierdie sondaar aan wie ons die liefde van Christus moet gaan bedien. Ons het ook vroeër ons sondes met 'n klomp bedrog bedek. Ons ken ook die pyn en smart van sondes wat soos 'n klip op ons hart rus omdat ons dit nie teenoor die Here bely het en ons daarvan bekeer het nie. Maar deur die genade van Jesus Christus het die Heilige Gees ons die pad geleer wat uitkom by daardie blye boodskap: Jou sondes is vergewe. En juis omdat ons die vreugde van hierdie verligting ken, wil ons mekaar in liefde help en bystaan.

As Dawid skryf: **my oog sal op jou wees** (Psalm 32:8 AFR53), word daar nie uit die hoogte op iemand neergekyk nie. Nee, dit is eerder soos 'n pa wat langs sy kind kom staan

en hom en haar in liefde die pad leer wat lei tot die vergifnis van alle sondes. En aangesien die geneigdheid om sonde te doen ook nog steeds in my is, verwag ek dat julle, my broers en susters, ook na my sal omsien, soos wat ek my voorgeneem het om na julle om te sien. Omdat God ons liefhet en ons mekaar ook liefhet, kan ons nie maar toesien hoe een van ons hom of haar weer soos 'n perd of 'n verstandelose muil gedra nie. God wil nie hê dat ons Hom bedroef met ons sonde nie en Hy wil ons nie elke keer soos 'n verstandelose muil in die bek ruk voordat ons luister nie. Laat ons daarom met liefde langs mekaar gaan staan en, soos 'n pa na sy eie kind omsien, ook na mekaar omsien. Die Here gee ons juis vir mekaar omdat Hy deur my broer en suster my op die skouer kom tik en sê: Haai, pasop, jy het die pad vergeet. En my broer en suster, kom loop saam met my soos 'n pa of 'n ma om my terug te bring na God toe by wie daar alleen verligting van sonde te vinde is.

Waarin behoort ons mekaar te onderrig wanneer ons in liefde na mekaar omsien? Ons moet onder leiding van die Heilige Gees mekaar die pad leer wat die Here in die eerste vyf verse in hierdie psalm aan ons bekend maak. Dit kan egter ook gebeur dat iemand nie die eerste of die tweede keer wat die Here met hom praat, wil luister nie. Dan moet ons nie moed opgee nie. Ons moet eerder onthou hoe geduldig en aanhoudend die Here met ons gewerk het. Onthou, die Here het met Dawid vir bykans 'n jaar aangehou voordat Dawid sy sonde met Batseba en Urija bely en hom bekeer het.

Daarom sal daar ook 'n tydstop kom wat ons aan die ander een in liefde sal moet sê: As jy aanhou om jou te verhard teen die Here se vermaning en jou sondes met bedrog bly bedek, loop jy die pad van die goddelose. En vir hulle, sê die Here, wag daar baie smarte. En die grootheid van die smarte is dat daar 'n tyd kan kom wat die Here Hom nie meer deur jou wil laat vind nie. Dit het immers met die Jode in Jesaja en in Jesus se tyd gebeur. Omdat hulle hulleself verhard het, het die Here gesê: **julle sal hoor en hoor en tog sal julle niks verstaan nie, en kyk en kyk en tog niks sien nie** (Jesaja 6:9 AFR83). Waarom nie? Omdat God hulle oë blind gemaak en hulle verstand laat afstomp het. En uiteindelik word die smarte 'n ewigheid, waarin hierdie mens nooit weer die liefde en genade van die Here kan ondervind nie omdat hy hom in hierdie lewe vir die liefde van die Here verhard het.

Maar die Here eindig nie met dreigemente nie. Oordeel is nie die laaste woord van die Here nie. Daarom moet ons, gelei deur die Heilige Gees, weer vir elkeen na wie die Here ons vir die soveelste keer stuur sê: Die mens wat op die Here vertrou – vir hom omring die HERE met sy goedertierenheid. So 'n mens beleef weer die vreugde van 'n herstelde verhouding met God. En Hy omring ons met vrolike gesange van bevryding van hulle wat saam met jou die vreugde van 'n herstelde verhouding met God beleef.

Waar en wanneer moet ons so in liefde na mekaar omsien? Geliefdes, die Here gee ons verskeie geleenthede om dit te doen. Deur die prediking rus die Heilige Gees ons toe sodat ons na eredienste weer met mekaar oor die verkondiging van die Here se Woord kan praat. Katkisasie is nog 'n geleentheid waar ook ons kinders in liefde na mekaar kan omsien. In die huisgesin wil die Here hê dat ons geloofsgesprekke met mekaar sal hê. In hierdie kring van liefde moet ons onder leiding van die Heilige Gees met mekaar praat wanneer daar van die Here se wil afgewyk word. Pa en Ma, julle wil mos nie toesien dat julle kinders die Here bedroef nie. Praat in liefde met hulle, help hulle reg. Die Here het julle immers as ouers aangestel van daardie kinders in julle huis. En kinders, as julle sien dat Pa of Ma van die Here se wil afwyk en hulle nie bekeer nie, kan en moet julle ook onder leiding van die Heilige Gees vir hulle sê wat die Here se wil is. Julle wil mos nie hê dat julle ouers skande en skade oor die Here se Naam bring nie.

Kom ons sluit af, geliefdes. Het jy vandag in en deur Jesus Christus genade gevind in die oë van die Here? Moet dan nie nou stilbly nie. Gaan juig en jubel en vertel dit in liefde vir almal wat die Here op jou pad gaan bring.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 34:6, 8 (p. 167)

6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.  
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?  
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;  
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

8 Die HEER's die hart naby / wat gans verbroke is en verskeur.  
Die gees wat diep verslae treur, / verlos, bemoedig Hy.  
Hoe kom hul altyd weer, / die teespoede van wie hier  
regverdig leef; maar Gods bestier / red hulle keer op keer.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Worcester  
11 November 2012  
Gereformeerde Kerk Bellville  
18 November 2012